SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 11 JANUARIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

BEGIN NOU BEPLAN VIR DIE RAE-KURSUSSE

EERSTE ARISSKONTAK UIT RUIMTE

NASA SE MARSLANDINGSTUIE

OOSTENRYKSE OWERHEID BEëINDIG WKL-TOETSPROJEK

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede.

BEGIN NOU BEPLAN VIR DIE RAE-KURSUSSE

Dit is nou reeds die tyd om te begin beplan en te adverteer vir kursusse vir die eksamen vir die Radioamateursertifikaat. Die volgende eksamen sal by verskeie sentra regoor die land op Donderdag 20 Mei gehou word. 'n Uitstekende plek om jou kursus te adverteer is die SARL se webblad. Sodra u oor die besonderhede van u kursus besluit het, stuur dit aan Richard, ZS2CLI, met e-posadres zs2cli@qwest.co.za vir publikasie.

Die verslag oor die werkswinkel wat in November verlede jaar gehou is waartydens alle aspekte van opleiding vir die RAE bespreek is, sal eersdaags gepubiseer word. Die verslag sal bruikbare inligting oor baie aspekte bevat soos: beplanning van die kursus, inhoud van die kursus, bystand aan studente met spesiale behoeftes, advertering, ens.

NOMINASIES VAN RAADSLEDE

Nominasies vir lede vir die Raad van die SARL wat na afloop van die 2004 se AJV diens moet aanvaar, het op 5 Januarie gesluit. Besonderhede sal in volgende week se bulletin bekend gemaak en op die SARL se webwerf geplaas word. Kandidate wat dit nognie gedoen het nie, word versoek om hulle fotos op die SARL se webwerf te plaas. Stuur dit asb. per e-pos aan zs2cli@qwest.co.za.

EERSTE ARISSKONTAK UIT RUIMTE

Terwyl leerders mag dink dat aardrykskunde 'n vervelige vak is op aarde, het Mike Foale, KB5UAC, bevelvoerder van die Internasionale Ruimtestasieekspedisie 8 op 2 Januarie aan 'n groep leerders gesê dat dit allesbehalwe vervelig is vanuit sy posisie in die ruimte. Foale het d.m.v. amateurradio met die leerders van graad vier tot nege by die Gilmour Akademie gepraat. Hierdie gesprek is gereël deur die AmateurRadio in die Ruimte (ARISS) program. Hierdie kontak was die eerste kontak met 'n skoolgroep vir die nuwe jaar. "As ek na die aarde kyk, vind ek die aardrykskunde geweldig interessant" het Foale opgewonde vertel. "Om te sien hoe die stede uitgelê is, om die paaie en strate te sien, of, as dit die woestyn is, hoeveel woestyne daar wel op die aarde is." Foale het gesê dat hy 'n studie gemaak het van geologie as 'n ruimtevaarder, maar dat hy meer gefassineer word deur die mense wat op die aarde woon, en hy hou altyd 'n rekenaarensiklopedie byderhand wanneer hy in die ruimte reis.

Terwyl hy al die vrae van die leerders beantwoord het, het Foale ook gepraat van 'n kankerprojek wat aan boord van die ISS uitgevoer word. "Kankerselle kan in die ruimte gekweek word op 'n totaal ander metode as op die aarde wat navorsers in staat stel om nuwe tegnieke te ontwikkel om kanker op die aarde te bahandel. Dit is 'n langtermyn projek, en sal nog vir baie jare aanhou."

Foale het gesê dat hy en spanmaat Sasha Kaleri, U8MIR, goed eet in die ruimte, maar het erken dat hulle nie altyd by die voorgeskrewe voedsel hou nie. "Ons eet nie alles wat ons vertel word om te eet nie. Ek self is lief vir sjokolade, en het dus al die beskikbare sjokolade opgeëet." Die Ekspedisie 8 span word eers in April terug verwag op die aarde.

'n Graad ses leerder wou weet of Foale dink dat kinders ook toegelaat sal word om eendag na die ruimtestasie te reis. "Ja, ek dink wel so," het Foale gesê. "Ek weet egter nie hoe gou nie. Ek glo nie jy sal meer 'n kind wees as dit gebeur nie, maar waneer jy alreeds 'n grootmens en 'n student is. Miskien kan jy kinders na die ruimtestasie neem."

Foale het afgesluit deur almal by die skool 'n voorspoedige nuwe jaar toe te wens. Gilmour Akademie Amateurradioklub se President, Caroline Greco, KC8WNY, was die beheeroperateur tydens die kontak by die aardstasie ND8GA. Die bystandoperateur was Ken Kane, KG8DN. "Selfs al was die kontak nie volmaak nie, was dit 75 persent solied en goed genoeg om aangename herinneringe vir die leerders en hulle ouers te laat. Ons is tevrede met die resultaat en het baie uit die ondervinding geleer."

Foale het die Fase 1 NAISS apparaat gebruik - 'n 5 W Ericsson handradio met 'n

eksterne antenna - vir die Gilmour kontak. Alhoewel die nuwe hoër uitset Fase 2 Amateur apparaat getoets is en reeds geinstaller is, is dit nog nie goedgekeur vir gebruik uit die ruimte vir ARISS skoolkontakte nie.

'n Groep van ongeveer 50 mense het die verrigtinge by die skool bygewoon. By dit alles, het ARISS dekking gekry van die nuusmedia deurdat een koerant en een plaaslike televisiestasie die verrigtinge bygewoon het. Hulle het ook onderhoude met van die leerders gevoer.

ARISS is 'n gesamentlike opvoedingsuitreikprogram met deelname van die ARRL, AMSAT en NASA.

NASA SE MARSLANDINGSTUIE

Baie mense sou die vordering van die verskeie Marsekspedisies gevolg het. Die eerste van twee van NASA se swerftuie vir Mars, genaamd Spirit, het vroeër in die maand soos beplan presies in die kol in die Gusevkrater geland. Hierdie landingsplek is gekies aangesien dit vermoed word dat eens water bevat het en getuienis mag oplewer oor enige moontlike vorige lewe op Mars. Kommunikasie met die landingstuig geskied beide direk en via die wentelende satelliete.

Die swerftuie kan hoogstens vir drie uur per dag na die aarde uitsaai weens krag- en termiese beperkings selfs al is die aarde vir langer tye in sig. Die datatempo direk na aarde wissel van ongeveer 12 000 tot 3 500 grepe per sekonde. Alreeds is asemrowende fotos van die landingsterrein ontvang en meer sal beskikbaar word soos die ekspedisie vorder. Twee webtuistes wat fotos en opdaterings verskaf is: http://spaceflightnow.com en die 'Astronomy Picture of the Day' se webblad nl. http://antwrp.gsfc.nasa.gov/apod/astropix.html.

OOSTENRYKSE OWERHEID BEëINDIG WKL-TOETSPROJEK

Die Oostenrykse Amateur Senderfederasie (ÖVSV–Österreichischer Versuchssenderverband) berig dat 'n Wyeband oor KragLyn (WKL) veldtoetsprojek in die stad Linz kortgeknip is as gevolg van buitensporige radiosteurings. Hulle het in Desember gesê dat die Staat se Ministerie van Handel, Innovasie en Tegnologie die WKL loodsprojek van die kragvoorsieningsmaatskappy van Linz beëindig het omdat dit te veel steurings op die HF-bande veroorsaak het. Die gebeurtenis wat die saak tot 'n punt gedryf het, was 'n Rooikruisverslag dat nooddiensradiokommunikasie gedurende 'n rampoefening verlede Mei die slagoffer van massiewe WKL-steurings was.

Gedurende veldtoetse het metings getoon dat uitstraling van die WKL-sisteem tot 10 000 maal hoër as die toegelate veldsterktes was.

Daar was nuusverslae van steurings aan nooddienskommunikasie en QRM-klagtes van verskeie amateurs in die omgewing. ÖVSV het gesê dat weens die rumoer, duur installasies, soos 'n 20 m monobander op 'n hoë gebou, heeltemaal onbruikbaar was. ÖVSV het ook die potensiaal van WKL genoem om noodkommunikasie, dienste vir lewensveilig heid, militêre HF-bedrywigheid, navigasie en lugvaartkommunikasie te ontwrig

Die resultaat van vergaderings met die kragvoorsieningsmaatskappy is dat die instansie ingestem het om te kyk na die moontlikheid van 'n 100 meter beskermende gebied rondom die ligging van elke amateurstasie, keepfilters en die gebruik van 5 GHz draadlose lokale area netwerke. (Verkort uit die ARRL se nuusbrief).

Dit is goed om op te let dat verstandige, gesamentlike optrede deur radioamateurs goeie vrugte kan afwerp op belangrike sake. (Redakteur).

DATUMS VAN GEBEURTENISSE OM AAN DEEL TE NEEM

18 Januarie - INTEGNET oor antennas. 24 Januarie om 10:00 die Oos-Rand Radioklub se kattebakverkoping by die Germiston Bootklub gevolg deur 'n vergadering om 'n forum in die lewe te roep wat ten doel het om klubs aan die Oos-Rand te koördineer t.o.v ontmoetings ensomeer. 23 - 25 Januarie - PEARS BHF/UHF-kompetisie 14 Februarie - Kinderdag

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Martin, ZS4ABU, George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX